Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

JY KYK SAG

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Jy kyk sag my lief, jou oë kyk sag na my
Jy kyk so maklik mis wat ander mense pla van my
Jy sien hier iets wat my spieël totaal ontwyk
Jou gees is sag my lief en jy kyk sag na my

Jy kyk sag my lief, jy kyk diep binne my
Jou oë streel my en verbeel maar net die beste oor my
Sien wat jy wil sien - glo net die allermooiste
Jy nooi my in en jy kyk sag na my

Hou maar net vir altyd aan
Met saggies kyk my liefling
Jou oë troos my
Besweer die aand se blou gevoel
Vat my ver weg uit die stadsgewoel uit

Ek sing sag my lief, ek sing my liedjie sag vir jou
So sag soos hare streel of woorde in die laatnagstilte deel
Van vroeg af sing ek, stort my hart se diep verlange uit
Slaap sag vannag - ek sing sag vir jou

ek wil vir altyd aanhou
met saggies sing vir jou
moed bring vir môre
Troos sing vir die skemeraand se blou
Sag sing oor my teer gevoel vir jou

Jy kyk sag my lief, jou oë kyk sag na my
Ek voel dit selfs al kyk ek weg, jou liewe oë raak aan my
En as drome ons kom haal
voel ek steeds jou warm streling
Want jy kyk altyd sag, jy kyk sag na my
jy kyk sag na my